

**26 Julie 2020**

Beste familielid

Ons hoop Sy genade omarm jou. Covid-19 pandemie het ons net weer opnuut laat besef hoe waar is hierdie woorde van Maya Angelou: *The ache for home lives in all of us, the safe place where we can go and not be questioned.*

Familie (of dit nou *bloedfamilie* of *geestelike familie* – die kerk of 'n *groep vriende* wat soos familie funksioneer, is) is ons *behoort-plek* waarna almal verlang, ja, die plek waar ons veilig ons Godgegewe self kan wees. Met al die regulasies om sosiale afstand te behou, is dit ook tyd dat ons kreatief **emosioneel naby** aan mekaar sal bly. Kom ons kry 'n oog en oor vir mekaar sodat ons só Galasiërs 6:2 kan utoelief:

*“Julle moet regtig vir mekaar omgee. Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. Moenie dat hulle alleen daarmee worstel nie. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers Sy wet dat julle mekaar moet liefhê.”* (Galasiërs 6:2; Die Boodskap)

Ons **erediens**, waar die Heilige Gees op Sy unieke en misterieuse manier ons aan mekaar verbind, word weer Sondagoggend om 09:00 uitgesaai. Sien gerus die besonderhede daarvoor elders in hierdie brief.

### **Kerkkantoor.**

Die kerkkantoor is op Dinsdae vanaf 09:00 – 12:00 oop.

Net een persoon sal op 'n slag mag inkom. Maskers is belangrik en groot genoeg afstand tussen mekaar. Dankoffer-inbetalings kan gedoen word. Elkeen sal self sy/haar dankoffer in die “drop-in” kluis kan gooi. Dit is dieselfde kluis waarin die *bankoffers* Sondae geplaas word, en wanneer dit later uitgehaal word, sal dieselfde goedgekeurde prosedures gevolg word, wat gevolg word wanneer die geld uitgehaal en getel word. Die geld word dus nie getel, en daar word nie 'n kwitansie uitgeskryf nie.

#### **Lees gerus in hierdie brief:**

- 'n Boks vol vars groente – vir jouself of iemand anders
- Help maak maskers vir die kinders van Hoërskool Simanyene
- Maskers te koop
- Doop
- Word 'n *Heartlands* virtuele vrywilliger
- Ons bid hierdie week vir ...
- Dankoffers – hoe werk dit?
- Deuroffer vir vandag: Carel van der Merwe fonds
- Geluk aan elkeen wat die komende week verjaar
- Eredienste – skakels na uitsendings (op YouTube)
- Die koskas is ons manier om vir mekaar te sorg
- Kontakbesonderhede van personeel (kerkkantoor)

**'n Boks vol vars groente @ net R150**

Hierdie projek is drie-ledig: dis 'n fondsinsameling vir ons gemeente, ons ondersteun 'n boer uit die omgewing, maar ook kan jy 'n boks groente aan 'n gesin of instansie skenk (natuurlik mag jy hierdie heerlike vars groente ook vir jou eie huis aankoop.) 'n Paar weke gelede het ons 12 bokse groente aan Wilma Papier, wat 30 sokkombuise in Sir Lowrys Pas koördineer, geskenk en ook 'n paar ander gesinne bederf. Die week daarna het Helpende Hand 'n paar bokse groente by ons kom haal om gesinne in die Herlderberg Kom te ondersteun. So poog ons om weekliks iewers 'n gesonde verskil te maak. Whatsapp gerus vir Yolandi @ 084 247 2351 of stuur 'n e-pos [yolandi@nghottentotsholland.co.za](mailto:yolandi@nghottentotsholland.co.za) VOOR SONDAG, om jou bestelling te plaas. (Indien jy weet van 'n gesin wat dit sal waardeer, kan jy ook gerus vir haar laat weet.) Dankie vir elkeen wat hierdie projek so goed ondersteun!

**Maskers vir Simanyene Hoërskool.** Die skoolhoof van Hoërskool Simanyene (langs die N2, op pad na Sir Lowry's Pas) noem dat baie kinders in die skool het nie behoorlike maskers nie. Die diensgroep vir ons skakeling met hierdie skool, het besluit om hierdie geleentheid aan te gryp. Hulle sal die materiaal en aanwysings om 'n masker te maak, voorsien, en versoek lidmate van die gemeente om die maskers te maak. Daar is ongeveer eenduisend maskers nodig. As 50 mense elk 20 maskers maak, of 100 mense elk 10 maskers maak, het ons die getal bereik. Kontak gerus vir Cecile Perold (074 055 5062) vir meer besonderhede, en om jou hulp aan te bied.

### **Maskers te koop**

Maskers te koop @R20. Kontak gerus vir Yolandi (084 247 2351).

### **Doop**

Daar is 'n baba wat ons graag wil doop, maar ons wil dit oopmaak vir ander gesinne met babas. Kontak asseblief die kerkkantoor voor **Woensdag 29 Julie 2020, 12:00** om reëlings oor die doop te tref. Indien daar meer ouers is wat hulle baba(s) wil laat doop, sal die doop geskied op 9 Augustus. Indien dit net die een ouerpaar is, sal dit gebeur waarskynlik op 2 Augustus.

### **Word 'n Heartlands Virtuele Vrywilliger**

Sien gerus ons gemeente se eerste banier op ons webblad, of sien Heartland se eie webblad ([www.heartlandsbaby.org](http://www.heartlandsbaby.org)) oor hierdie kreatiewe manier om Heartlands finansiëel te ondersteun in 'n tyd waar hulle, soos baie ander instansies, baie van hul inkomste verloor het.

### **Ons bid hierdie week vir Mekaar en al die mense in ons land:**

- Baie mense ervaar baie angs en vrees en onsekerheid. Kom ons bid vir mekaar dat ons regtig God se krag en teenwoordigheid sal ervaar.
- Bid dat ons nie uit vrees sal optree nie, maar wel verantwoordelik sal optree.
- Bid vir baie mense wat geen h(H)oop het in hierdie tyd nie.

### **Dankoffers**

Terwyl ons virtuele eredienste het, gebruik ons die geleentheid om ook ons dankoffers te gee. Die **snapscan kode** sal tydens die diens gewys word op die skerm en ons heg dit ook aan by hierdie brief.

As dit vir jou makliker is, of jy nie oor Snapscan beskik nie, kan jy dit gerus in die bankrekening inbetaal.

Ons gemeente se **bankbesonderhede** bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland, ABSA, 2900 5900 51, Verwysing: **B**ankoffer of **D**ankoffer.

Sit asseblief die volgende verwysing by die inbetalings:

- ons maandeliks dankoffer: **d**ankoffer
- dit wat ons elke Sondag tydens die erediens in die sakkies gooi: **b**ankoffers.

Die **Snapscan** kode vir ons gemeente word by hierdie brief aangeheg.

**BAIE DANKIE** vir elkeen se bydrae in die tyd. Saam maak ons 'n verskil.

### **Deuroffer - hierdie week vir die Carel van der Merwe Beursfonds**

Die deuroffers wat geskeduleer is om opgeneem te word in die tydperk wat ons nie eredienste het in die kerkgebou nie, sal later weer 'n beurt kry. Intussen kan jy wel jou bydrae ook **in die gemeente se bankrekening** inbetaal – met **die instansie se naam as verwysing** – in hierdie geval: “Carel van der Merwe”

### **Baie geluk aan elkeen wat die volgende week verjaer:**

**Vandag:** Geen.

**Maandag:** Emma Berry, Johan Gräbe, Alet Theron, Karlien Visagie.

**Dinsdag:** Quintin Atsell, Adam Classen, Gideon le Grange, Wynand Neethling, Danie Schoeman, Lorinda van Tonder, Sarah Walton.

**Woensdag:** Johan Marais, Herman Meyer, Henk Smith, Piet Uys, Lukas van Graan.

**Donderdag:** Jomari Cooper, Corlia Erasmus, Ina Goosen, Esdré Keller, Hanna Kruger, Paul Roux, Eljo Smit, Izac Vos.

**Vrydag:** MC Barnard, Mia Boonzaier, Babie Meyer.

**Saterdag:** Sulanda Baard, Leah Coetzee, Megan Fourie, Jana Wessels.

### **Erediens – Sondag 26 Julie, 09:00**

Die erediens word uitgesaai vanuit Hennie en Ewald se huise.

Die **skakel vir die uitsending** is: <http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH-vjs/index.html> en is lewendig vanaf ±08:45.

### **Skriflesing: Matteus 13 vers 31-33 en 42-52**

**Tema:** *Maak jou oë en ore oop, want die koninkryk van God is soos ...*

### **Erediens op YouTube**

Die diens word Sondagoggende om ongeveer 11:00 op YouTube gelaai. Die skakel daarvoor is op die gemeente se webtuiste (<http://www.nghottentotsholland.co.za/>) beskikbaar - “Liefde na Bo” → “Eredienste” en dan aan die onderkant van die blad, “Vorige Eredienste”.

Teken asb in (Subscribe) op ons Youtube kanaal:

<https://www.youtube.com/channel/UC6L00Ch0mvcwrmqk1iWULA>

Jy sal dan 'n kennisgewing kry wanneer elke erediens daarop beskikbaar is.

**NB: As daar mense is wat na die uitsending, slegs die klank (mp3) van net die Skriflesing en preek van die erediens wil ontvang, kan hulle vir Hennie (082 859 5646) laat weet.**

**Lewer gerus kommentaar** aangaande die eredienste. Stuur dit na [eredienste@nghottentotsholland.co.za](mailto:eredienste@nghottentotsholland.co.za), of anoniem vanaf die webblad: <http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste>

Hier is die **skakel na verlede week** se diens: <https://youtu.be/OT-FtB5bXFfs>

Matteus 13:24 – 30; 36 – 43

*Jesus hou (ook) nie van onkruid uittrek nie*

### **Koskas**

Baie dankie vir elkeen wat kos bring vir die koskas. Ons gee elke twee weke vir 'n paar gesinne in ons gemeente 'n pakkie om hulle te help in 'n moeilike tyd. Danksy almal se bydrae is daar nou selfs 'n paar items oor, nadat ons uitgedeel het.

Enigeen is welkom om enige Dinsdag kos te bring, **maar ons sal graag op die eerste Dinsdag van die maand kos ontvang. Dan kan jy ook vars items bring, wat ons dadelik sal uitdeel.**

'n Kospakkie bevat die volgende items:

- Blikkies vis
- Soja mince
- Ertjies / lensies / blikkies 'baked beans'
- Melkpoeier (volroom)
- Meel
- Rys / aartappels
- Olie
- Grondboontjiefotter
- Wortels
- Gemengde groente

### **Kerkkantoor**

Alhoewel die kerkkantoor vanaf Dinsdag 23 Junie sal oop wees tussen 09:00 en 12:30 vir dankoffer-inbetalings en om kos vir die koskas af te lewer, is die kerkkantoor nog gesluit. Die personeel is egter almal telefonies beskikbaar tydens kantoorure. Ons kontakbesonderhede:

- Kerkkantoor: 021 852 5004 - **ja, hierdie nommer werk nog**
- Rencia (skriba): 071 233 1842 [admin@nghottentotsholland.co.za](mailto:admin@nghottentotsholland.co.za)
- Yolandi (admin & Disakloof): 084 247 2351 [yolandi@nghottentotsholland.co.za](mailto:yolandi@nghottentotsholland.co.za)
- Leticia (boekhouer): 079 801 4580 [boekhouer@nghottentotsholland.co.za](mailto:boekhouer@nghottentotsholland.co.za)
- Hennie (ds): 082 859 5646 [hennie@nghottentotsholland.co.za](mailto:hennie@nghottentotsholland.co.za)
- Ewald (ds): 082 451 2584 [ewald@nghottentotsholland.co.za](mailto:ewald@nghottentotsholland.co.za)

### Ter afsluiting

Ons dink sommer in hierdie tyd baie aan **The Hollies** se reuse treffer "*He Ain't Heavy; He's My Brother*". Die liedjie het sy oorsprong uit die veertigerjare se strokiesprentadvertensie vir Boys Town. Die seun dra 'n kreupel seuntjie op sy rug en op 'n vraag van 'n priester of hy nie swaar dra nie, het die seun geantwoord: "*He ain't heavy, Father. He's my brother*". Hier is van die liedjie se woorde wat vir hierdie tyd baie gepas:

The road is long  
With many a winding turn  
That leads us to who knows where  
Who knows when  
But I'm strong  
Strong enough to carry him  
He ain't heavy, he's my brother  
So on we go  
His welfare is of my concern  
No burden is he to bear  
We'll get there  
For I know  
He would not encumber me  
He ain't heavy, he's my brother  
If I'm laden at all  
I'm laden with sadness  
That everyone's heart  
Isn't filled with the gladness  
Of love for one another  
It's a long, long road  
From which there is no return  
While we're on the way to there  
Why not share  
And the load  
Doesn't weigh me down at all  
He ain't heavy, he's my brother  
(B. Scott and B. Russell)

As die Heilige Gees in hierdie tyd *iemand*, op een of ander manier, op jou voorgrond plaas, maak verseker dadelik kontak. So versprei ons aan die persoon Sy omgee liefde.

Vriendelike groete.

Hennie Fouché en Ewald Jansen van Rensburg  
namens die Kerkraad